Agri Securitas Trustfonds / Agri Securitas Trustfund

Mediaverklaring / Media Release

Privaatsak / Private Bag X 180 Centurion 0046, Tel +27 (0)12 643 3400, Faks/ Fax +27 (0)12 663 3178

BOERDERYGEMEENSKAPPE ONTVANG GELD VIR STRYD TEEN MISDAAD

FARMING COMMUNITIES RECEIVE MONEY TO COMBAT CRIME

6 Julie / July 2015

BOERDERYGEMEENSKAPPE ONTVANG GELD VIR STRYD TEEN MISDAAD

Die boerderygemeenskap van Senekal in die Vrystaat, Steytlerville en Witkop naby Burgersdorp in die Oos-Kaap het hulp van die Agri Securitas Trustfonds ontvang vir die oprigting van kamerastelsels in hulle stryd om misdaad pro-aktief te bekamp. Hulp is ook aan die Veiligheidslessenaar van Vrystaat Landbou bewillig om hulle dienste in die provinsie te ondersteun.

“Dit bly ‘n omvattende taak om die misdaadprobleem op te los en ons vertrou dat met die geldelike hulp van die Trustfonds ‘n bydrae gemaak word tot ‘n veiliger omgewing vir die gemeenskappe”, sê Japie Grobler, voorsitter: Agri Securitas Trustfonds.

Die Trustfonds is in hoofsaak gefokus op ‘n verbetering van die landelike veiligheidsituasie en geskied die ondersteuning deur die beskikbaarstelling van toerusting aan boerderygemeenskappe, na evaluering van versoeke deur provinsiale organisasies en finale goedkeuring deur die Raad van Trustees. Met dié hulp, bevorder die Trustfonds die paraatheid in die gebiede asook pro-aktiewe optrede met die bekamping van misdaad.

Met kamerastelsels op strategiese toegangsroetes word beweging gemonitor wat lei tot toepaslike optrede om kriminele elemente aan te keer. Weens die toename in plaasmisdaad in die Vrystaat en die bystand wat lede van Vrystaat Landbou verlang met die oplos van misdaadverwante klagtes, is daar toenemend druk op dié organisasie se Veiligheidslessenaar om aan verwagtinge te voldoen. Die Trustfonds het in die geval, geld bewillig om die Veiligheidslessenaar se werksaamhede te ondersteun.

Die Trustfonds het die afgelope tyd, ‘n toename in versoeke vir ondersteuning ontvang. Terugvoer wys daarop dat toepaslike ondersteuning ‘n verskil aan gemeenskappe se veiligheid maak. Boere en plaaswerkers speel ‘n onmisbare rol as bydraer tot die ekonomie van die land en tot voldoende voedselvoorsiening. Om die rede sal die Trustfonds voortgaan om gemeenskappe te ondersteun, om ‘n veiliger omgewing vir hulle te skep.

Die Trustfonds gee erkenning aan sy sakevennote: Vodacom, Nissan SA, Sanlam en CrisisOnCall asook sy gholfdagborge: GWK, Senwes, NWK en OFM, wat finansiële bydraes lewer ter ondersteuning van die oogmerke van die Trustfonds.

Uitgereik deur Agri SA, Direktoraat: Korporatiewe Skakeling

Navrae
Japie Grobler, Voorsitter Agri Securitas Trustfonds, 082 825 8018
Kobus Visser, Agri SA Direkteur: Korporatiewe Skakeling, 012 6433400 of 082 388 0010

FARMING COMMUNITIES RECEIVE MONEY TO COMBAT CRIME

The farming community of Senekal in the Free State and Steytlerville and Witkop near Burgersdorp in the Eastern Cape received assistance from the Agri Securitas Trust Fund to erect camera systems in an attempt to proactively combat crime. Funds were also allocated to the security desk of Free State Agriculture in support of their services in the province.

“It remains an enormous task to resolve the crime problem and we hope that with the financial assistance of the Trust Fund a contribution is made to create a safer environment for these communities,” said Japie Grobler, chairman of the Agri Securitas Trust Fund.

The Trust Fund focuses mainly on improving the rural security situation. Support is provided in the form of equipment to farming communities after their requests had been evaluated by provincial organisations and approved by the Board of Trustees. With this assistance, the Trust Fund promotes the preparedness of these areas as well as proactively combatting crime.

With the cameras on strategic access routes, vehicle movement can be monitored and appropriate action taken to apprehend criminals. Given the increase in farm crime in the Free State and the assistance that members of Free State Agriculture require to address crime-related complaints, there is an increasing amount of pressure on this organisation’s security desk to meet expectations. The Trust Fund has in this case allocated funds to support the activities of the security desk.

Requests for support have recently increased. Feedback indicated that appropriate support makes a difference to the safety of these communities. Farmers and farm workers play an indispensable role as contributors to the economy of the country and to adequate food provision. For this reason the Trust Fund will continue to assist farming communities to create a safer environment for themselves.

The Trust Fund acknowledges its business partners, namely Vodacom, Nissan SA, Sanlam and CrisisOnCall, as well as its golf day sponsors GWK, Senwes, NWK and OFM, which make financial contributions in support of the Trust Fund’s objectives.

Issued by Agri SA, Directorate: Corporate Liaison

Enquiries

Japie Grobler, Chair: Agri Securitas Trust Fund, 082 825 8018
Kobus Visser, Agri SA Director: Corporate Liaison, 012 6433400 of 082 388 0010